



SOUTHERN AFRICAN RURILITY IN HIGHER EDUCATION

OM UNIVERSITEIT TOE TE GAAN

VERHALE VAN STUDENTE UIT LANDELIKE GEBIEDE







UNIVERSITEITE WAT DEELNEEM



RHODES UNIVERSITY
Where leaders learn



University of Fort Hare
Together in Excellence



BEFONDSERS



INHOUDSOPGAWE

	Voorwoord	3
1.	Inleiding	5
2.	Lewe in landelike gebiede	7
	2.1 Ervarings	7
	2.2 Dink oor die toekoms	8
	2.3 Aansoek doen by 'n universiteit	12
3.	Reis na die universiteit	15
	3.1 Verlaat die huis	15
	3.2 Registrasietydperk	17
	3.3 Inburger	18
4.	Oorgang na universiteit	21
	4.1 Lesings bywoon	25
	4.2 Aanpas by die digitale wêreld	26
	4.3 Onafhanklik wees	27
5.	Graad kry en daarna	28
6.	Finale advies	31
7.	Erkennings	32



VOORWOORD

Die verhale in hierdie boekie is aan ons vertel deur 'n groep tweedejaar voorgraadse studente van die Universiteit van Fort Hare, die Universiteit van Johannesburg en Rhodes Universiteit. Hierdie studente het gedurende 2017 en 2018 saam met baie ander, almal van landelike gebiede en uit verskillende vakgebiede, deelgeneem aan 'n projek van Southern African Rurality in Higher Education (SARiHE). Die doel van hierdie projek was om te bepaal hoe studente van landelike gebiede in Suid-Afrika dit ervaar om aansoek te doen by universiteite en om daar te gaan studeer. Die doel is ook om hulle in staat te stel om hulle kennis en vaardighede wat hulle in hulle families en gemeenskappe ontwikkel het, te vier, en om die ondersteuning wat hulle by universiteite kry te beïnvloed en te verhoog. Die studente het self hierdie boekie geïnisieer en sien dit as 'n manier om iets aan hulle gemeenskappe terug te gee. Klein groepies, bygestaan deur professor Gina Wisker van die Brighton Universiteit in die Verenigde Koninkryk, het saamgewerk oor 'n aantal naweke om hierdie boekie te skryf. Hierdie is persoonlike verhale wat soortgelyke maar ook verskillende ervarings beskryf.





1. INLEIDING



Southern African Rurality in Higher Education (SARiHE) is 'n projek wat student-medenavorsers van drie Suid-Afrikaanse universiteite, naamlik die Universiteit van Johannesburg, Rhodes Universiteit en die Universiteit van Fort Hare, betrek het. Ons as studente het ons vorige leerervarings in landelike gebiede asook ons universiteitservarings opgeteken.

Die boekie se doel is om families, vriende, skole, en gemeenskappe in te lig oor studente se oorgang van landelike ervarings na universiteitservarings, die uitdagings en hoe 'n mens dit kan oorbrug. Dit raak ook aan dinge wat ons in gemeen het, al kom ons van verskillende landelike omstandighede en/of agtergronde.

In die ná-apartheid era het toegang tot hoër onderwys dramaties toegeneem. Maar, as gevolg van gebrek aan inligting, finansies en ondersteuning, kry die meeste mense van landelike gebiede nie die geleentheid om universiteit toe te gaan nie, terwyl dié wat wel gaan, dikwels uitval sonder 'n kwalifikasie. Hierdie kwessies hoef egter nie 'n struikelblok vir almal te wees wat probeer om hulle potensiaal te bereik nie. Hierdie gids is vir alle individue wat aan hulleself twyfel, en wil vir hulle oplossings bied wat deur die medenavorsers uit landelike gebiede ontwikkel is. Hierdie boekie bespreek die lewe in landelike gebiede, met sy waardes, die reis na universiteit of hoër onderwys, die oorgang na universiteit, en die belangrikste, hoe jy van jou probleme kan aanbeweeg en op jou doelwit kan fokus, sodat jy jou kwalifikasie suksesvol kan verwerf.





2. LEWE IN LANDELIKE GEBIEDE



Die lewe in landelike gebiede is net so opwindend soos die lewe in enige ander plek. Maar selfs mense van landelike gebiede dink aan die lewe daarbuite; ons dink daaraan om ná matriek na universiteite te gaan wat baie ver in stedelike gebiede geleë is. Die lewe in landelike gebiede is ook verskillend ten opsigte van ontwikkeling.

2.1 ERVARINGS

Landelike gebiede gaan oor samesyn, maar meer nog, om 'Ubuntu' aan mekaar te bewys. Die landelike omgewing leer ons die grondbeginsels van die aanleer van huislike take, dissipline, selfstandigheid, en respek. Mense in hierdie gebiede word gelei deur gewoontes, tradisie en welsyn.

In landelike gebiede is sommige meer, en ander minder ontwikkel. Sommige landelike huishoudings gebruik dam-, river- of fonteinwater, het ongeventileerde, basiese puttoilette, terwyl sommige glad nie enige toilette het nie. Sommige landelike gebiede het egter behoorlike water en sanitêre geriewe wat deur die munisipaliteit voorsien word. Die groot uitdaging is egter om ver afstande na skole toe te loop, aangesien daar net 'n paar beskikbaar is. Sommige mense bly in HOP-huise, pondokke, modderhutte, of stewig geboude steenhuse, maar die goeie ding is, maak nie saak in watter huis jy bly nie, ons maak dit 'n tuiste en is gelukkig as 'n familie.

"As seuns het ons gewoonlik daar gaan swem. Omdat die dam te gevaarlik was, het ons ouers gewaarsku dat ons nie daar moes swem nie, maar ons het elke dag daar gaan swem. Elke keer as ons teruggekem het, het ons 'n groot pakslae gekry."

– Student-medenavorser ¹



¹ Alle aanhalings in hierdie boekie is deur student-medenavorsers.


2.2 DINK OOR DIE TOEKOMS

Mense uit landelike gebiede is ook ambisieus. Ons wil universiteitsopleiding kry om ons samelewing te verbeter, en om die ketting van armoede in ons gemeenskappe te verbreek. Daar is mense, selfs gesins- of familieledes, wat uitstaan in ons gemeenskappe. Hierdie mense is opgevoed, hulle het groot huise, hulle het motors, en sommige is ons onderwysers, van laerskool- tot hoërskoolvlak. Ons wil soos hulle wees. Elkeen van ons onthou nog hoe ons daaraan begin dink het om universiteit toe te gaan:


"My ambisie het reeds op laerskool begin. Dit was egter nie so 'n goeie rede nie; my onderwyser het ons geslaan elke keer as ons nie 'n wiskunde vraag kon beantwoord nie, dus wou ek soos hy wees sodat ek kon terugkom en sy kinders straf. Hahaha! Daardie tyd was dit net om wraak te neem, maar toe ek op hoërskool kom, is ek aan ander interessante beroepe bekend gestel, soos verpleging, wetenskappe, en rekeningkunde. My suster het 'n verpleegster geword, daarom het ek meer belang gestel om verder te studeer."

"Die waarheid is, ek was nie seker wat ek wou doen nie, maar ek het belang gestel in enigiets wat met berekenings te doen gehad het."


"Op 'n persoonlike vlak heg ek soveel waarde aan familie en ek voel ek is baie aan hulle verskuldig. Deur universiteit toe te gaan is die minste wat ek kan doen om hulle terug te betaal omdat hulle my toegelaat het om te word wat ek vandag is. Ek kan al hierdie dinge doen deur Christus; ek glo dat alle dinge deur God geskep is."



"OPVOEDING BY 'N
UNIVERSITEIT IS DIE ENIGSTE
MIDDEL WAT JY KAN
GEBRUIK OM DIE SITUASIE
BY DIE HUIS TE VERBETER."



"UNIVERSITEIT IS WAAR ON
WERKLIK DIE VERGETE
HOOP VAN ONS OUERS KAN
TERUGBRING."



VOORDAT ONS UNIVERSITEIT TOE GEKOM HET

"Digitale tegnologie (radio) het 'n baie groot rol gespeel, want sprekers van verskillende instansies het gepraat oor aansoek doen by universiteite, nie net by een nie, maar by 'n hele klomp, om in staat te wees om te besluit watter een ek verkies, indien almal my toelating gee. Advertensies het ook inligting verskaf oor beskikbare beurse. Noudat ek op universiteit is, speel tegnologie soos die radio steeds 'n belangrike rol, want dinge soos beurse en wanneer fooie verhoog is, word altyd aangekondig."

WANNEER HET JY DIE EERSTE KEER VAN UNIVERSITEIT GEHOOR?

"Ek het in 2012 van universiteit begin hoor toe ek in graad 10 by Flagstaff Comprehensive School was. Maar die healtyd terwyl ek op skool was, was universiteit net iets snaaks vir my; verbasend genoeg het ek nie eers geweet wat ek wou word nie omdat ek in 'n baie afgeleë plek grootgeword het. Verder het ek ook, terwyl ek in graad 10 was, beroepsuitstallings bygewoon waar ek meer inligting gekry het. Mense van verskillende instansies in Suid-Afrika het my meer van universiteit vertel. Dus het ek 'n groot klomp inligting gekry oor wat 'n UNIVERSITEIT is."

2.3 AANSOEK DOEN BY 'N UNIVERSITEIT

Om by 'n universiteit aansoek te doen is oor die algemeen frustrerend as jy niks van tegnologie weet nie. By skole waar jy net vorms en die poskantoor gebruik is dit baie beter. Maar met tegnologie is dit baie vinniger om op die internet aansoek te doen, wat 'n uitdaging vir 'n matrikulant of leerder uit 'n landelike omgewing is. Om 'n aansoekvorm af te laai is ook 'n probleem, want ons weet nie waar om dit te kry nie – ons is nie baie goed daarmee om aanlyn instruksies te volg nie en die taal is te moeilik vir ons. Om geen internet-kafee met internettoegang te hê nie is ook 'n uitdaging omdat ons data vir ons slimfone moet koop, wat baie duur is en sommige leerders het nie eers een nie.

Sommige onderwysers is egter baie behulpsaam om aansoekvorms te verskaf en om ons te help om 'n beroep te kies wat by ons pas. Sommige skole is bevoorreg genoeg om beroepsleiding te kan bywoon wat hulle help om beroepe te kies volgens hulle prestasie in sekere vakke, en om aansoekvorms van verskillende instansies te kry. Vir sommige van ons is koerante, radios, en televisies ons enigste bronne van inligting en ons moet die min geld wat ons het gebruik om by die instansies uit te kom waar ons aansoek wil doen. Sommige van ons het alreeds familie en vriende by hoër instansies en hulle help ons met die aansoekproses.







HOE EK DIE UNIVERSITEIT GEKIES EN AANSOEK GEDOEN HET

"Ek het 'n buurman wat by die Universiteit van Kaapstad studeer het en hy het dieselfde kursus gedoen as wat ek wou doen. Ek het dus vir mense uitgeura oor Kaapstad en hulle het gesê dat dit een van die goeie universiteite is. Ek het na die internet-kafee gegaan en met die hulp van 'n vriend die aansoekvoorms afgelaai. Die volgende dag vertel my skoolvriendin my van die Universiteit van Johannesburg en sy sê toe dat die aansoek gratis is as jy dit aanlyn doen – wel, die aansoekfooi by UK was R100, wat ek nie gehad het nie, so ek het die geleentheid gebruik en by UJ aansoek gedoen.

Universiteit van Fort Hare is die beste en goedkoopste universiteit ooit; dit is bedoel vir mense soos ek wat van afgeleë plekke kom, en dit is ook bedoel vir swart, behoeftige mense. Dit is ook baie goed in die graad wat ek wou studeer."



“WANNEER JY JOU HUIS IN 'N
LANDELIKE GEBIED VERLAAT, VERTREK
JY NIE SOOS IEMAND WAT SOMMER
NA 'N PLEK DAAR NABY GAAN NIE.
JOU GESIN, FAMILIE EN VRIENDE SAL
BYMEKAARKOM OM VIR JOU TE SÊ OM
NOOIT DIE DOEL WAAROM JY DIE HUIS
VERLAAT, TE VERGEET NIE.”



3. REIS NA DIE UNIVERSITEIT



Die reis na die universiteit is 'n lekker gevoel, want die meeste van my familieledede by die huis het nooit die geleentheid gehad nie, en ek is een van die gelukkigies.

3.1 VERLAAT DIE HUIS

As 'n eerste stap, dien jou graad 12-uitslae as 'n beginpunt vir jou om te besef dat jy die huis nou moet verlaat. Vir my was dit nie anders nie; daar was egter verskillende idees of ek dit sou maak of nie.

Die basiese probleem was dat ek niemand in Johannesburg geken het nie. Niemand van my familie het gewerk op die plek waarheen ek moes gaan nie, en dus was daar niemand om my te ontvang nie. Gelukkig het my onderwyseres besef ek het 'n probleem, en het dadelik begin om 'n plek te soek waar ek kon bly terwyl ek registreer. Sy het met mense wat sy ken gereël om my na die regte plekke te neem.

Die dag toe ek weg is universiteit toe het vreemd gevoel, want ek moes reis terwyl ek so bang was vir 'n hele klomp goed. Op die bus het ek gewonder hoe ek iemand gaan herken wat ek nog nooit tevore ontmoet het nie.

Die dag waarop ek gereis het, was ek baie angstig, want ek kon vir niemand laat weet waar ek was nie. My selfoon was nat omdat dit die oggend op pad na die busstop gereën het.

Ek het uiteindelik aangekom en dit reggekry om die persoon wat my sou oplaai te kontak. Die eerste wat ek raakgesien het was hoe groot die stad was en ook die hoë geboue. Hulle het boonop almal eners gelyk.

Ek onthou nog hoe ek daardie dag probeer het om die pad wat ons gery het te memoriseer deur die aantal draaie en die strate te tel. Maar ek het later begin vergeet hoeveel daar was en toe maar opgegee.

Toe het ek gedink aan die waarskuwings wat almal my oor Johannesburg gegee het en hoe om die misdaad hier te oorleef. Gelukkig het ek nie gesukkel om die universiteit te kry nie, want ek het iemand gehad wat die gebied geken het.



3.2 REGISTRASIETYDPERK: EEN PERSOON SE ERVARING

Die feit dat ek niemand gehad het wat my kon ontvang toe ek in Johannesburg aangekom het nie, het my registrasietydperk beïnvloed – en daarom was ek laat vir registrasie. Ek onthou hoe ek heen en weer moes hardloop om die administratiewe beamptes te oortuig dat ek aanvaar was, dit alles terwyl ek probeer om te registreer. 'n Verdere probleem was dat die borg wat ek toe gehad het, bekend daarvoor was dat hulle nie die fooie wat hulle verskuldig was, betaal nie. Hulle het gesê ek moes my eie registrasiegeld betaal, maar ek het dit nie gehad nie. Dit was eintlik die rede hoekom ek laat was vir registrasie. My borg het geweier om vir my 'n brief te skryf dat hulle daardie jaar vir my gelde verantwoordelik was, sodat ek in staat kon wees om te registreer.

Gelukkig het ek by verskeie borge aansoek gedoen, en een van die ander het toe op die laaste dag van registrasie geantwoord. Die probleem was dat ek nie daardie dag daar was toe die antwoord deurgekom het nie, en dit het gemaak dat ek toe te laat was om te registreer. Die Maandag van die volgende week is ek terug universiteit toe om te probeer registreer. Die klasse vir die semester het daardie Maandag begin, en as gevolg daarvan het die fakulteit vir my gesê ek gaan druipe. Hulle wou geld spaar wat, volgens hulle, net gemors sou word. Hulle het gesê dat Ingenieurswese baie moeilik is en dat ek nie die werk sou inhaal nie – dit was die hoofrede (onder andere). Hulle het verder gesê dat ek liever moes huis toe gaan en die universiteit verlaat nog voor ek begin. Maar ek was oortuig dat ek moes registreer, want ek was daarop geregtig en ek het al die wettige dokumente gehad. Ek en die persoon by die fakulteit wat mense moes toelaat om te registreer kon nie ooreenkom nie, en dit het 'n probleem geword – sodat dit deur die Dekaan van Ingenieurswese opgelos moes word. Hy het magtiging gegee dat ek kon registreer en dadelik met my klasse kon begin. Die vertraging met my registrasie het daartoe gelei dat ek nie die eerstejaarseminaar kon bywoon nie.



3.3 INBURGER

Na die probleem met my registrasie was daar nog een nie-akademiese struikelblok. Hierdie keer was dit die probleem van akkommodasie. Die probleem was dat op daardie stadium amper al die akkommodasie reeds geneem was. Die enigste wat beskikbaar was, was dié wat nie deur die universiteit geakkrediteer was vir studente-akkommodasie nie. Dit het daartoe gelei dat ek eers aan die begin van Maart by my blyplek ingetrek het – amper 'n maand later. In die tussentyd het ek by mense wat ek ken, gebly, en hulle het my gehelp om die omgewing te leer ken, aangesien ek nie die eerstejaarseminaar bygewoon het nie.

"Om te sien hoe iemand net voor jou indruk nadat jy al baie lank in die ry staan, is frustrerend. Onreguerdigheid deur studente-assistente wat hulle eie vriende voorgetrek het, het my dit laat beraagteken. Ek hou van mense en het mense lief, maar om nie deur kollegas en studente-assistente met respek behandel te word nie, het my in iemand anders laat verander."

"Daar is min of geen interaksie in die lesings op universiteit nie, as gevolg van die taal van kommunikasie. Soms verstaan jy nie die terminologie nie, maar wanneer iets in jou taal verduidelik word verstaan jy beter. Ek persoonlik sukkel om die akademiese artikels wat ek moet leer, te verstaan. Dit lei tot swak prestasie omdat jy nie die feite kan weergee nie – nie dat jy dit nie ken nie, dit sou net beter gewees het as dit in jou eie taal was."

OPLOSSING:

Die beste manier om al hierdie uitdagings te oorkom is om met mense te praat en vriende te maak. Veral wanneer jy inligting nodig het of wanneer jy verdwaal. Dit sal jou help om jou selfvertroue te versterk en ook die manier waarop jy jouself uitdruk te verbeter. Wanneer jy nie verstaan wat in die klas gebeur nie en bang is om vrae te vra, moet jy net dapper wees en jou vraag vra. As hulle vir jou lag, sal jy weet waar jy verkeerd gegaan het, en die geleentheid hê om beter te verstaan en jou foute reg te stel. Die ander oplossing is om die dosent te gaan sien tydens die sessies wat hy beskikbaar gestel het.



'N VERHAAL VAN 'N UNIVERSITEITSTUDENT

Sy het hard geleer op hoërskool, haar matriek met universiteitsvrystelling geslaag en het gekwalifiseer vir 'n Baccalaureus-graad by die universiteit.

Sy was van 'n erg benadeelde agtergrond. Haar ma was 'n enkelouer en werkloos. Die tyd om universiteit toe te gaan het aangebreek en hulle moes besluit. Die ma was baie bekommerd oor hoe haar kind by die universiteit gaan oorleef sonder geld of behoorlike klere. Min het sy egter geweet van al die studiegeleenthede wat daar was. Sy is universiteit toe, en het haar bekommerde ma agtergelaat. Die mense van die dorpie het agter haar ma se rug gepraat en hulle verlustig in die teleurstelling wat volgens hulle op haar gewag het. Hulle het gedink dat haar kind sou terugkom, aangesien sy een van die mense was wat die swaarste gekry het.

Dit was te vroeg om hulle te verlustig!

Sy het gedurende die vakansie teruggekom huis toe en daar was 'n groot verandering in haar. Sy het gelyk soos iemand wat van ver af kom, maar tog het sy by hulle behoort. Sy het haar skoolmaats se rolmodel geword en almal wou soos sy wees. Sy het selfvertroue gehad, want sy het geweet dat die wat so oud soos sy was, na haar opkyk. Sy het dié wat so negatief oor haar en haar ma gepraat het, se monde gesnoer. Dit het alles gebeur omdat sy geleer het om die goeie in alles te sien.



4. OORGANG NA UNIVERSITEIT




Hierdie is een van die beste oomblikke wat jy ooit sal beleef, en dit is vol opwinding, want jy ontmoet nuwe mense van verskillende agtergronde. Dit is egter ook 'n uitdaging, want jy probeer vriende maak. Jy kry dus daardie oomblikke wanneer jy met elke persoon wat jy raakloop moet praat, net om nie verlore te voel nie. Dan moet jy ook nog boeke koop terwyl alles op hoëskool vir jou gegee is. Jou moet ook aansoek doen en teken vir befondsing, wat maak dat jy in lang rye moet staan – en dit is soms moeilik as jy niks het om te eet nie.


VERLAAT DIE HUIS ...

... GAAN UNIVERSITEIT TOE

Om as 'n kind van 'n landelike omgewing by die universiteit aan te kom om 'n eerstejaarstudent te word, is nogal 'n uitdaging – maar alle uitdagings kan oorkom word. Leer by die universiteit is baie verskillend van leer in die hoëskool. Dit kan soms baie gekompliseerd vir 'n eerstejaar wees, maar deur met ander te assosieer kan dit baie makliker word. So ontmoet jy iemand wat al deur dieselfde gegaan het as waardeur jy nou gaan.

Universiteit is egter nie so erg as wat dit lyk nie; al wat van jou gevra word is dat jy sal bly by dit wat jy gekom het om te doen.





"DIE OPWINDING VAN OM TE WEET JY
GAAN NOU 'N UNIVERSITEITSTUDENT
WEES VERVAAG MET DIE FRUSTRASIES
WAT JY HET WANNEER JY BY DIE
UNIVERSITEIT AANKOM."

"BAIE GROOT KLASSE IS 'N FRUSTRASIE
OP SY EIE."



HET JY ENIGE VERBINTENISSE BY DIE UNIVERSITEIT GEHAD?

"Jy sal nie glo hoe ek gesukkel het nie – selfs net om my status uit te vind of ek toegelaat is of nie, want Fort Hare lig nie studente in of hulle aanvaar is nie. Ek het hier opgedaag met 'n uitdruk van my matriekuitslae, en nie eers geweet waar ek gaan slaap ná toelating nie, want ek was baie ver van my huis."

Op universiteit moet jy met ander sosialiseer. Jy kan nie alles op jou eie doen nie. In 'n wêreld wat jy nie ken nie, met mense wat jy nie ken nie, terwyl jy dinge doen wat jy nog nooit gedoen het nie, moet jy jou regtig aan ander verbind, sodat jy ook aan hierdie vreemde plek wat die universiteit is, verbonde kan voel.

Die oorgang van lewe in 'n landelike gebied na die lewe by die universiteit was nooit 'n maklike proses nie. Om by die universiteit uit te kom is soos om 'n nuwe pad in jou lewe te neem. Dit is waar dat die lewe 'n lang pad na onbekende sukses is. Om groot te word in 'n landelike gebied, en om uit 'n minderbevoorregte agtergrond of huis te kom, en om skool te gaan in 'n landelike omgewing waar alles lank neem om by jou uit te kom, kan leerders laat voel dat hulle in 'n vergete wêreld leef. Dit is soms pynlik om in so 'n omgewing groot te word, waar jy nie die wêreld daarbuite ken nie – net die klein wêreld waarin jy vasgevang is. Om van die landelike omgewing na die universiteit toe te gaan, beteken dat jy nuwe mense ontmoet en sommige is nie die soort met wie jy sou wou assosieer nie. Maar die waarheid is, elke situasie kom en gaan, dit duur nie vir altyd nie, en as jy mooi daarvoor dink is alles nie so 'n groot uitdaging nie.




4.1 LESINGS BYWOON

Die eerste moeilike ding wat 'n mens moet doen is om 'n rooster te gebruik om jou lesinglokale te kry. Die meeste van ons is gewoon aan klein geboue wat nie baie verdiepings het nie, so as 'n nuwe student verdwaal jy soms en woon dus nie jou eerste klasse by nie. Om lesings by te woon is een van die beste oomblikke, maar 'n mens is ook bang omdat die meeste van ons van landelike gebiede nie onself vloeiend in Engels kan uitdruk nie. Die eerste keer wanneer jy klas bywoon is jy bang om vrae te vra, want jy dink jou klasmaats gaan vir jou lag omdat jy nie Engels met genoeg selfvertroue kan praat nie. Die meeste van ons is gewoon aan 'n swartbord in die klaskamer en ken glad nie projektors nie.


Dan is daar ook die vreeslike groot eksamenlokale. Om nuwe dinge vir die eerste keer te ervaar mag dalk opwindend wees, maar dit is ook soms frustrerend. Gelukkig word die frustrasie minder soos wat die tyd aangaan. Soms maak dit 'n mens kwaad, maar dan is dit ook iets waaroor jy die volgende oomblik kan lag.

"Soos jy kan sien is die tafels en stoele goed gerangskik. Dit is waar eksamens geskryf word. Hierdie tyd is vir almal moeilik, want niemand mag met mekaar praat nie – dit is die reëls. Die rye is so gerangskik dat 'n module van een fakulteit afgewissel word met 'n module van 'n ander fakulteit."



4.2 AANPAS BY DIE DIGITALE WÊRELD

Volgens 'n woordeboek op Google, verwys 'digitale wêreld' na een waar mense met mekaar kontak maak deur middel van tegnologie en deur fisiese kommunikasie soos e-posse te gebruik. As 'n student is die enigste vorm van kommunikasie waaraan jy gewoon is, WhatsApp en Facebook, en wanneer jy net by die universiteit aangekom het, moet jy aanpas by nuwe vorme van kommunikasie. Jy moet byvoorbeeld jou e-posse nagaan vir aankondigings wat die dosent gestuur het. Jy moet ook op uLink en Blackboard ingaan om notas te kry en te kyk vir opdragte, wat 'n moeilike proses is as jy nie daaraan gewoon is nie. Die ander ding is dat die meeste van ons gewoon is daaraan om handgeskrewe opdragte in te gee. Jy maak net die internet oop, soek dit waarop jy 'n antwoord wil hê, en dien dit in. Maar op universiteit word jy geleer dat om werk net so van Google te gebruik plagiaat is. Wanneer jy nie die nodige verwysings in jou werk gebruik nie, is dit ook plagiaat, wat kan lei tot 'n dissiplinêre ondersoek.



4.3 ONAFHANKLIK WEES

Hierdie is een van die moeilikste oomblikke, maar ook een van die beste, wanneer jy die kans kry om alleen te wees sonder jou ouers se toesig. Dit is ook moeilik omdat jy elke dag vir jouself moet kosmaak, wat 'n klomp werk is wanneer jy moeg is van al die klasse wat jy die dag moes bywoon. Maar, dit is eintlik nie so sleg nie, want ons het vaardighede soos om ons eie kos te kan maak, te kook en ook om na onself en die mense om ons te kyk – wat 'n voordeel is in die skep van 'n nuwe familie rondom jou. Selfs hierdie proses het uitdagings, en jy moet vriende kies wat dieselfde doelwitte as jy het en jou kan motiveer terwyl jy studeer, omdat jy nie jou ouers se toesig het nie, wat soms daartoe lei dat jy jou boeke vergeet en selfs kan druipe.



GRADEPLEGTIGHEID-LOKAAL

"Hierdie lokaal is só mooi. Jy kan jou dit net indink, na so 'n lang tyd van studeer vir die spesifieke graad, hier is dit nou tyd vir die gradeplegtigheid – wonderlik!!! God is groot, altyd. Die studente sit aan die een kant, met hulle ouers en voogde aan die ander kant."




5. GRAAD KRY EN DAARNA



Die enigste ding wat die bal aan die rol gehou het en my gehelp het om te fokus, was dit wat my in die eerste plek uit die huis laat gaan het: om my graad te kry. Finansiële vryheid en onafhanklikheid hang hiervan af. Dit was nie net 'n geval van deurkom en graad kry nie, maar ook omdat ek nie regtig 'n keuse gehad het nie. Ek kom uit 'n arm familie en wil beslis die ketting van armoede breek, aangesien my trots en selfrespek my nie toelaat om so te bly nie. Ek het die weelderige lewe wat ek op televisie en by my bure gesien het, beny en dit het my ook gemotiveer.

Om van 'n landelike gebied te kom het vir my 'n voordeel in hierdie vreemde wêreld geword. Die feit dat ek nie gewoon was om partytjie te hou en na klubs toe te gaan nie, het gehelp dat ek meer op my studies kon fokus. Die vrees om beroof of aangerand te word en te verdwaal het my binnenshuis gehou. Dit was nie dat ek nie my jeug wou geniet nie, maar die dissipline wat ek by die huis geleer het, het my elke keer teruggedryf na my studeertafel en stoel – selfs al was die groepsdruk soms te veel. Aangesien ek daaraan gewoon was om op die belangrike dinge in die lewe te fokus, het ek net aangehou en ook my geld verstandig gebruik. Dit het my nie sosiaal uitgesluit nie, want ek het besluit om op positiewe maniere te sosialiseer, soos om by verskillende sportaktiwiteite by die universiteit aan te sluit en dit te beoefen, om flieks saam met vriende te kyk, om aktief te wees op sosiale media, en net saam met my vriende by die studentesentrum te ontspan of by ander winkels rondom die kampus.

Die vrees om my beurs of the finansiële skema te verbeur het my ook die energie gegee om te studeer. Ek kom van 'n familie wat nie kan bekostig om my klasgelde te betaal nie, so ek moet hard leer en seker maak ek kom deur sodat ek my beurs kan behou. Om leë hande (sonder 'n graad) terug te gaan huis toe is 'n skande en teleurstelling wat ek duidelik probeer verhoed het. Om op universiteit te wees is die beste ervaring ooit omdat jy vry is van jou ouers se oorbeskermdede gedrag en omdat jy nuwe mense ontmoet met verskillende ervarings. Dit is regtig goed om nuwe dinge te ontdek en uit die gemaksones van ons huise te kom, terwyl ons oor die werklikheid leer en ons ons vir die lewe voorberei.



"JOU AGTERGROND
BEPAAAL NIE JOU
TOEKOMS NIE."



"DIE LEWE LEI ONS
NA VERSKILLEND
BESTEMMING WAT ONS
NOOIT KON DROOM NIE."



6. FINALE ADVIES



Terwyl jy hierdie boekie lees en luister na die verhale en ervarings van die studente van verskillende instansies, mag jy dalk 'n ooreenkoms daarin sien met jou eie situasie. Indien jy die boekie reg gebruik, behoort jy ten minste in staat te wees om die meeste van die uitdagings te oorkom tydens aansoek doen, die deurgang na en die aanpassing by universiteit.

As 'n student moet jy die gelukkige oomblikke in jou lewe vasvang, en die slegte oomblikke eenkant sit of bestuur, om hulle minder skadelik te maak. Ons moet verstaan dat ons verskillend gebore is en dat ons waarde lê in ons krag om alle uitdagings te oorkom, sonder om oor te gee of te huil oor dit wat in die verlede gebeur het.

Kommunikasie is die sleutel; probeer om altyd 'n mentor te hê en praat met mense wat vir jou die nodige inligting kan gee. Volhard en moenie jou beroep geringskat of as vanselfsprekend aanvaar nie. Hou vas aan dit waarin jy glo en kompeteer met jouself – bou elke dag aan jouself.

WAT BEHOORT EK NOU TE DOEN?

Indien jy belangstel om universiteit toe te gaan – of as jy van iemand weet wat wil – is die eerste stap om die name van die universiteite waarin jy belangstel te Google. Dan kan jy kyk na wat hulle bied en na die verskillende vakgebiede.

Sodra jy al die nodige inligting het, doen aanlyn aansoek deur te klik op 'toelatings' of 'aansoeke'. Daar sal kontakbesonderhede wees as jy hulle per telefoon of e-pos wil kontak vir verdere advies.

Baie sterkte!



7. ERKENNINGSG



UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG

Amos Vusi Msiza
Asiphe Mvandaba
Dennis Mohlalela
*Edison Muthisi
Elias Moyana
Ellon Makhuvele
*Enocent M. Maake
Eubert Khosa
Fumani T. Monareng
Ignatia Malebo Namane
Kagiso Manyamma
Kamogelo Mogane
Keletso C. Maine
*Mack Mogale
Madise Kenneth Moteme
Masala Ramanugu
*Mpho G. Mphahlele
Nosipho Zondo
Rocky Ramaube
Sefakoane Ntsoane
*Sinah M. Phatlane
*William Ndhlovu
*Zandile Tsotetsi

RHODES UNIVERSITEIT

Abongile Deliwe
Andiswa Mabusela
Aphelele Mafuya
*Avela Pamla
Funeka Mjoli
Indiphile Ntlanga
Kamvalethu Vanqa
Lazola Mpapela
*Ludumo Mgobo
Mfanelo Bomoyi
Mpfunzeni Mudau
Nangamso Cewu
Noxolo Mabena
Papama Vose
Phoziswa Ndumndum
*Putuma Balintulo
Sandisiwe Dakela
Sesethu Dunywa
Vuyisile Mohlala
Zanokhanyo Mazeka
Zenande Ratazayo
Zenande Sojoli
Ziyanda Tilana
Zizipho Ngcingi



UNIVERSITEIT VAN FORT HARE

Andisiwe Mdlungu
*Anovuyo Sidubedube
*Asandiswa Tshotsho
*Fada Bonwabise
Hlangalwethu Mgwai
*Kabelo P. Lehula
* Kgotsotalang M. Monoane
*Luvo Mzinyathi
*Michael S. Mamba
Mpumelelo Candlovu
* Ndibulele Majikijela
* Nelile Mponjwana
Sesethu Mlokothi
Siposethu Xipula
* Siyanda Peter
Zamokhuhle Mdingi
Ziyanda Diko
Zizile Mamba Manzi

NOTA

Dankie aan Joel Roberts en
Liam Wisker vir hulle help
met redigering.

Dankie aan Karma Elston
vir die ontwerp en uitleg
van hierdie dokument.

PROJEKNAVORSING- SPAN

Alison Curry
Beatrice Akala
Brenda Leibowitz
Emmanuel Mgqwashu
Gina Wisker
Hellen Ochuot
Karen Desborough
Kibbie Naidoo
Lisa Lucas
Lorenzo Dalvit
Lulekwa Baleni
Martha Chigovanyika
Nathi Madondo
Ntsika Kit
Patricia Muhuro
Rachel Masika
Shashi Cullinan Cook
Sheila Trahar
Sue Timmis
Susanna Siddiqui
Tatenda Chatikobo
Thea de Wet

* Medenavorsers wat tot die eerste
konsep van die boekie bygedra het as
outeurs of gehelp het met redigering.



MEER OMTRENT DIE PROJEEK

Die doel van die projek was om die ervarings van studente uit landelike gebiede se oorgang na hoër onderwys in Suid-Afrika te ondersoek. Ons medewerkers was student-medenavorsers, academici en universiteitsleiers van universiteite in die Suidelike Afrikaanse streek.

Hierdie gesamentlike Newton Fund-projek, befonds deur die Ekonomiese en Sosiale Navorsingsraad (ESRC) en die Nasionale Navorsingstigting (NRF) het 36 maande geduur – van Oktober 2016 tot September 2019.



Opedra aan Brenda Leibowitz
1957 - 2018

Alle beeldmateriaal is dié van die SARiHE projek.

-

Hierdie werk is gelisensieer ingevolge die Creative Commons Attribution-Non-Commercial-ShareAlike 4.0 internasionale lisensie.

(Om 'n afskrif van hierdie lisensie te sien, besoek: <http://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/>)

